

Rubriek Briewe

Ondersteun stryd teen dwelms

In briewe en in berigte is kritiek uitgespreek teen die polisie se klopjagte teen dwelmhandelaars by klubs in Bloemfontein. Die mening is gehuldig dat die polisie eerder hulle vermoëns moet aanwend om ander ernstige misdade aan te spreek.

Dwelmhandel is as een van die prioriteitsmisdade in die SuidVrystaat deur die Provinsiale Vervolgingsgesag geïdentifiseer. Die polisie se optredes klop hiermee en word deur die vervolgingsgesag ondersteun. Dwelmhandel en dwelmmisbruik het die afgelope tyd met rasse skrede toegeneem in die Vrystaat. Sindikate wat by dwelmhandel betrokke is, is dikwels ook by ander ernstige misdrywe betrokke. In Bloemfontein het 'n jong man onlangs gesterf weens 'n oordosis dwelms. Verskeie ander jong mense se lewe is verwoes weens dwelmmisbruik. Depressie, persoonlikheidsprobleme en selfs geestesongesteldheid volg weens dwelmmisbruik.

Talle studente se studie s en toekomsgeleentheid is verwoes weens dwelm- en drankmisbruik Die polisiediens en vervolgingsgesag het 'n plig om teen hierdie misdadigers op te tree.

Jong mense is altyd die teiken van dwelmsmouse. Hulle is bereid om te eksperimenteer en kwesbaar omdat hulle dikwels 'n tekort aan geld het. Sodra hy of sy eers self dwelms gebruik, is dit soveel makliker om hom/haar te werf as verkoper. Bymekaarkomplekke van jong mense is gevolglik die mees geskikte plekke om gebruikers en hulpsmokkelaars te werf. Daarom is die klubs die mikpunte. Die meeste transaksies het hul oorsprong in die klubs of vind daarin of daarbuite plaas. Vir die polisie is die klubs die aangewese plek om op te tree. Klubeienaars moet besef dat dit op lang termyn tot sy voordeel is indien sy klub 'n streng houding teen dwelms handhaaf. Lippediens sal nie help nie want inligting oor dwelmhandel wat daagliks deur die publiek verskaf word, dui gou aan wat in 'n bepaalde klub aangaan.

Die publiek behoort die polisie te ondersteun in hul veldtog teen onwettige dwelmhandel. Toegewyde polisiebeamptes doen baie moeite om getuie in te samel en wanneer daar snags optredes teen dwelmsmouse en sindikate is, gaan dit gepaard met baie persoonlike opoffering. Dit het tyd geword dat meer daadwerklike ondersteuning gegee word in die veldtog teen dwelms deur veral ouers, opvoeders en ander instansies wat by jong mense betrokke is. 'n Organisasie soos "Ouers teen Dwelms" is 'n groot behoefte in die Vrystaat. Kom ons hou op om die polisie te kritiseer wanneer hulle wel effektief optree en gee liewers ons samewerking en ondersteuning.

A.F. du Toit, SC Adjunk-direkteur, Openbare Vervolgings, Vrystaat